Huwelike

Dokumentêre vereistes ten opsigte van 'n huwelik

Die huweliksbevestiger moet ten opsigte van die volgende stukke die **oorspronklike** dokumente sien (identiteitsdokument, paspoort, egskeidingsbevel, ensovoorts).
Die huweliksbevestiger moet TWEE afskrifte van elke dokument hou. Indien u self die afskrifte wil maak, is dit uiters noodsaaklik dat dit baie duidelike afskrifte moet wees (die strepieskodes moet byvoorbeeld elektronies gelees kan word) – so nie maak die huweliksbevestiger self die afskrifte. Maar selfs al het u self die duplikate gemaak, MOET die huweliksbevestiger steeds die oorspronklike dokumente sien.

- ☐ MAN se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
- ☐ VROU se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
- ☐ GETUIE EEN se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
- ☐ GETUIE TWEE se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
- ☐ DRIE foto's van die bruid (Paspoort-tipe). Sien riglyn van Binnelandse Sake.
- ☐ DRIE foto's van die bruidegom (Paspoort-tipe). Sien riglyn van Binnelandse Sake.
- ☑ Vingerafdrukke, soos vereis deur die Departement van Binnelandse Sake sal deur die Huweliksbevestiger op die toepaslike vorm aangebring word.

Slegs indien van toepassing

- ☐ Brief (sertifikaat) van 'n prokureur wat bevestig dat hy 'n huweliksvoorwaardekontrak vir die egpaar opgestel het.
- ☐ Die EGSKEIDINGSBEVEL (Nie die skikkingsooreenkoms nie).
- ☐ Die STERFTESERTIFIKAAT van die oorlede egliede.

Slegs van toepassing op 'n bruid of bruidegom uit die buiteland wat NIE 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument het NIE

- ☐ GELDIGE Paspoort en Visum (Afskrifte van albei moet gemaak word)
- ☑ Vorm BI-31 van die Departement van Binnelandse Sake (die huweliksbevestiger sal die Vorm voltooi en beëdig).
- ☐ 'n Amptelike bewys van huwelikstatus vanaf die betrokke persoon se konsulaat of ambassade.

Slegs van toepassing op minderjariges (onder 18)

- ☐ Vorm BI-32 van die Departement van Binnelandse Sake.